

VEILIG TOEGESLUIT

Installeer 'n veiligheidshek om indringers buite te hou – ons wys jou hoe met maklike stap vir stap instruksies

ONS kan nie net op die polisie en die buurtwag staatmaak om ons veilig te hou nie – gesinsveiligheid begin by onself in ons eie huis. Dit is as't ware 'n selfdoenprojek.

'n Mens moet self alles moontlik doen om jou huis teen indringers te beskerm. Begin met 'n sterk veiligheidshek voor jou buitedeure. As jy jou huis op hierdie manier beveilig, verminder dit nie net jou kans op inbrake nie, maar dit kan ook 'n lekker byvoordeel hê: Jou huishoudelike versekeringspremies sal waarskynlik daal.

Maar 'n veiligheidshek kan net doeltreffende beskerming bied as dit reg geïnstalleer is.

Die verbruikerskampioen Cashbuild bied 'n wye reeks veiligheidshekke en die nodige gereedskap om dit vinnig en redelik maklik te installeer, selfs al is jy geen selfdoenkenner nie. Dis hoe jy dit moet aanpak:

Jy het hierdie gereedskap nodig

Maatband, boor, 3 mm- en 5 mm-boorpunt, kramgeweer, klinknaels, skroewedraaiers (plat en stervormig), potlood, 3 mm-skroewe, skarniere.

STAP 1 MEET DIT MOOI

Jy moet jou deurraam noukeurig meet sodat jy die regte grootte veiligheidshek kan koop. Sorg dat die gaping bo of onder die hek nie groot genoeg vir 'n klein geboude mens



FOTO SLEGS TER ILLUSTRASIE

is om deur te kruip nie.

Wanneer jy gereed is om dit te installeer, vra iemand om jou dit te help vashou terwyl jy werk. Of maak dit op 'n stapel planke en/of 'n paar bakstene staan. Plaas die hek in die deurraam en sorg dat dit korrek gesentreer is. Merk geskikte posisies vir die skarniere op die veiligheidshek. Sorg dat hulle in die regte rigting wys – die veiligheidshek moet in die teenoorgestelde rigting as die deur oopmaak. Gebruik die 5 mm-boorpunt om gate vir die skarniere in die hek te maak en heg dan die skarniere met die

kramgeweer aan die hek.

Nota Die ideale plek vir skarniere wissel van 250 tot 300 mm van die bo- en onderpunt van die hek.

STAP 2 NOMMERPAS

Hou weer die hek in die deurraam en besluit op 'n posisie waarin die hek maklik sal kan oop- en toemaak. Kyk ook dat dit nie die werking van die deurknop belemmer nie. Terwyl jy dit met die skarniere teen die deurraam hou, maak die hek oop sodat jy die skarniere kan sien. Merk nou die posisie waar

die skarniere aan die deurraam moet vas kom. As jy die hek aan 'n metaaldeurraam heg, boor gate vir die klinknaels met die 5 mm-boorpunt en gebruik die kramgeweer om die hek aan die raam te heg. As jy die hek aan 'n houtdeurraam heg, gebruik die 3 mm-boorpunt en skroef die skarniere aan die raam vas.

STAP 3 MAAK DUBBEL SEKER

Sorg dat die hek reg oop- en toemaak. Hou die hek in die geslote posisie en merk waar die slot teen die raam moet kom sodat dit seepglad kan werk sonder om vas te haak. Hou die slot op die gemerkte plek, en boor gate vir skroewe of klinknaels volgens die instruksies hierbo. Heg die slot aan die muur of deurraam. En siedaar, jy's klaar – jy't pas nog 'n afskrikmiddel gekry om moontlike indringers buite te hou.

Nota Volg dieselfde instruksies wanneer jy 'n veiligheidshek aan 'n muur heg, maar gebruik 'n messelwerkboorpunt en muurproppe vir die skroewe wanneer jy die skarniere aan die muur heg.

Laat jou lig skyn

Beveilig jou huis nog meer met goeie beligting om jou ander veiligheidsmaatreëls aan te vul. Cashbuild bied 'n wye reeks ligte en bybehore nommerpas vir jou behoeftes. Daglig-tydskakelaars, veiligheidsligte wat beweging verklik en 'n reeks buite-soekligte en bykomstighede wat teen die muur aangebring kan word, bied uitstekende oplossings vir jou veiligheidsbehoefte.

■ Doen in die winkel navraag oor Cashbuild se uitgebreide reeks ligte of bel die Cashbuild-kliëntediensnommer by 0860-100-582. Cashbuild het winkels dwarsdeur Suider-Afrika.

